

Siegfried

deur Willem Anker

JEANETTE GUNTER

Robertson Leeskring



Die skrywer

Willem Petrus Pienaar Anker is gebore op Citrusdal, maar groei in Wellington op as sy ouers se oudste kind en enigste seun.

Hy behaal die grade BA, BA Honneurs in Afrikaans-Nederlands en 'n MA in Kreatiewe Skryfkuns onder Marlene van Niekerk aan die Universiteit van Stellenbosch. Op 28-jarige ouderdom behaal

hy sy doktorsgraad met *Die nomadiese self: 'n skisoanalitiese lees van enkele prosawerke deur Alexander Strachan en Breyten Breytenbach*. Dis 'n lywige werk van 600 bladsye.

Hy is baie privaat; Saartjie Botha (*Boeke-Insig*, Lente 2007) sê dis onmoontlik om 'n konvensionele onderhoud met hom te voer, want hy antwoord vrae met stiltes en sugte en sy nek vlam rooi as hy iets oor homself moet sê. Hy is tans mededosent in Kreatiewe Skryfkuns maar so onwillig soos hy is om oor homself te praat, so wel ter tale is hy as dosent. Hy is nie baie positief oor die toekoms van Afrikaans nie en sal beslis die moontlikheid oorweeg om hom in Europa te vestig.

Saartjie Botha skryf: "n Vreemde vent is hy gewis, maar daar is integriteit en intellek en empatie en weerloosheid. En talent om van te jubel en jou reikhalsend te laat uitsien na sy volgende pennevrug."

Ander werke

Hy skryf die ruimtelike teaterstukke **Skroothonde** (Aardvark Prys vir Innoverende Skryfwerk, 2004); **Sielsiek** saam met Tertius Kapp en **Slaghuis** (Sanlam Prys vir Afrikaanse Teater, 2006). Hierdie stuk was ook by die KKNK op die planke. **Siegfried**, sy debuutroman, verskyn in 2007. Hiervoor verwerf hy in 2008 die Universiteit van Johannesburg se Debuut Prys en die Jan Rabie/Rapport Prys vir Innoverende Afrikaanse Skryfwerk.

Die titel

Die manuskrip is destyds met die titel *Sirkus* aan verskeie uitgewers voorgelê, maar is oral afgewys, onder meer omdat dit te eksperimenteel was. Na baie skaaf en herdink en herskryf en met die hulp van vriende se opinies, word dit toe as **Siegfried** deur Kwela Boeke aanvaar en gepubliseer.

Ek het 'n verband gesoek tussen die titel en Siegfried, die mitologiese held uit die Middeleeuse gedig. Wagner se weergawe van die verhaal in sy opera is meer van toepassing. (Van die resesente verwys ook na Wagner se weergawe.) Die held moes vrees leer ken en oorkom. Die boek se karakter het wel vrees leer ken, maar laat 'n mens wonder of hy dit oorkom het.

Die buiteblad

'n Leë grys blad met slegs die prentjie van 'n palmboompie sonder wortels. Die boompie is beslis die palmboomplantjie waaraan Siegfried so verknog is en dit dui sekerlik op die ontworteling en swerwery waarvan in die boek gelees word.


Meer omtrent sindaktilie

Dit is die toestand waaraan Siegfried gely het alhoewel dit nie baie algemeen by mense voorkom nie.

By eenvoudige sindaktilie is aangrensende vingers of tone geheg met sagte weefsel terwyl die bene van die vingers of tone ook ver groei is by die komplekse vorm.

In onvolledige sindaktiele is net 'n gedeelte van die vingers geheg terwyl dit tot by die tip van die vingers geheg is by volledige sindaktiele, soos by Siegfried.

Sindaktiele is reeds by geboorte teenwoordig. 'n Fetus se hande en voete is geweb, maar op ongeveer 16 weke vernietig 'n ensiem hierdie sagte weefsel en die webbe verdwyn. Soms gebeur dit volledig, soms nie. Dit kan chirurgies reggestel word, maar het soms komplikasies, as gevolg van die graad van die misvorming.



Inleiding

Volgens Francois Smith (Handleiding by Boeke-Insig) moet 'n mens Siegfried lees as 'n soort heldemite. Soos in die Wagner-verhaal leer Siegfried vrees ken, soos daardie held vrees leer ken het in sy stryd teen die draak. 'n Heldemite is volgens die Switserse sielkundige Carl Gustav Jung eintlik 'n beskrywing van 'n sielkundige volwasewordingsproses wat elke mens moet

deurgaan. In dié opsig is hierdie roman ook 'n grootwordverhaal. Anker sê aan Saartjie Botha in hulle onderhoud dat hy so moeilik praat oor die boek omdat dit vir hom 'n stuk grootword was en hy nie weer so 'n boek sal skryf nie.

Na die lees van al die inligting tot my beskikking verstaan ek so 'n bietjie waarom die boek so hoog aangeskryf word deur akademici. Dit is 'n eenvoudige, maar tog nogal boeiende storie en my hart wil breek vir die arme, swaksinnige kind/man wat sonder ma of pa uitgelewer word aan 'n wrede wêreld waarvan hy niks verstaan nie. Dit was nie 'n lekker leeservaring nie, maar dit skryf ek toe aan my onkunde van 'hoge letterkunde' en my gebrekkige kennis van die sielkunde. Maar dan weer, vir wie skryf 'n skrywer sy boek? Vir die handjievol hooggeleerde akademici of vir leke, dit wil sê, die gewone lesers soos ons wat die boeke gaan koop?

Volgens Helena Gunter is Willem Anker 'n stil en aangename man. Uit onderhoude lei ek af dat hy 'n gesonde vriendekring het en 'n aangename vriend is om te hê. Maar wat woel in so 'n bin-neste om te skryf oor die onderwerpe en karakters wat hy kies vir sy toneelstukke en hierdie boek? Hy erken egter hy ken nie regtig sulke karakters nie.

Ek dink dis nodig dat ek nou eers kortliks die verhaal vertel aangesien almal nie die boek gelees het nie.

Die storie

Die dertigjarige verstandelik gestremde Siegfried Landman woon saam met sy pa Jan op die plaas Doerkyk, êrens in die Karoo. Hy het geweet dat as iets met sy pa sou gebeur, hy sy toevlug moet neem tot sy ma se broer, Bert Fischer, wat iewers naby die see woon. Na sy pa se skielike dood gaan hy vir hulp, soos sy pa hom gereeld voorgesê het, na Smit wat reeds nege jaar lank in die bywonershuisie op die plaas woon.

Saam met die belangrike swart boekie van sy pa, pak Siegfried ook 'n palmboompie in 'n potjie in sy sak. Die water van die potplantjie bederf al die inligting wat sy pa sorgvuldig in die boekie aangeteken het. Siegfried bly onafskeidbaar van die palmboompie wat hy later by die see se punt wil gaan plant.

Siegfried en Willem Smit pak saam die reis na die see toe aan ná wat Siegfried uit sy pa se vertellings as óf Seepunt óf Atlantis onthou (sy pa het duidelik na die mitiese stad Atlantis verwys) om na Siegfried se oom te gaan soek. Die tog Kaap toe is nie sonder insidente nie, maar hulle land uiteindelik op 'n trein vanaf Stellenbosch na Kaapstad. Hulle word deur rowers oorval en beroof en Smit word met 'n mes in die maag gestee. Siegfried het eenmaal gesien hoe sy pa 'n dooie skaap van die bakkie afgooi en so gooi hy dan ook vir Smit van die trein af en red sodoende heel waarskynlik sy lewe. Toe hy verward sien dat Smit al verder wegraak, spring hy ook agterna.

Hulle beland by 'n gemeenskappie onder 'n treinbrug - 'n groepie verlooptes onder die 'geestelike' leierskap van Meester Johnnie. Hier word Smit se wond toegewerk en word hy verpleeg.

Terwyl Smit aansterk, kom Siegfried op eie stoom by Seepunt uit. Hy verdrink byna omdat hy dink dat sy ma in die see is en hy haar dus daarin moet soek. Maggie red hom en neem hom na haar woonstel in Vredehoek wat sy deel met die impotente, sielsmoeë David, wat ooglopend bedwelmd en sterwend is aan 'n oordosis pille. Sy versorg die kind/visman met deernis, maar probeer hom ook seksueel verlei. Hierdie pogings van haar lei daartoe dat Siegfried byna haar tong afbyt.

Hy beland in 'n geestesgestig en word later sonder sorg op sy eie vrygelaat. Hy word gevange geneem deur die wreedaardige baas van die soort fratsesirkus wat vroeër baie gewild was. Saam met ander verminktes, misvormdes en fratse word hy deur Georg Fafnir, die baas, afgerig om die mense van Kaapstad te vermaak met 'n opvoering van uitspattige wreedheid. Hy sou die 'hoofrol' van Fransiskus van Assissi vertolk omdat hy, volgens Fafnir, nie volledig mens is nie, en daarom sal hy kan kommunikeer met die ander halfdiere. Almal leef in absolute vrees vir hierdie wrede baas.

Selfs hier bly Siegfried onafskeidbaar van sy plantjie. Met die hulp van 'n dwerg ontsnap hy en kry uiteindelik die geleentheid om sy palmboompie langs die grotes in Seepunt te plant. Brutus, Fafnir se reusagtige stom handlanger, spoor hulle op en hy vermink Siegfried gruwelik met 'n graaf. Die 'opvoering' is 'n reusesukses met die ster-

wende en bloeiende Siegfried 'n ideale heilige! Na die suksesvolle vertoning vertrek Fafnir met sy 'sirkus' na nuwe horisonne.

'n Suggestie van menslikheid skemer deur wanneer Fafnir met sy vertrek die lyke van dié wat hom gedwarsboom of verveel het in 'n asblik los; maar die byna leweloze Siegfried op die fabriek se vloer laat lê met die vae hoop dat hy betyds gevind sal word. Hier vind Smit uiteindelik weer vir Siegfried en neem hom terug na die bruggemeenskap. Hy en die ander bewoners verpleeg en versorg Siegfried wat nou kwalik in staat is om meer as dieregeluidjies te maak.

Die belangrikste karakters

Ek gaan Siegfried nie hier bespreek nie.

Die ouers

Daar was gelukkige tye in hul huwelik. Op p. 112 praat Maggie van uiteet en dan onthou Siegfried hy het nog nooit uitgeëet nie. Sy pa praat van uiteet. Dis wat hy saam met sy ma doen toe hulle jonk is: 'dan eet hulle uit en drink wyne dan is hulle gelukkig.' Op p. 184 word Siegfried se geboorte beskryf, 'n bisarre verhaal. Op pp. 185 en 186 word sy vreemde doop ook beskryf. Ek vermoed dis hierná dat die wankelende huwelik finaal verbroekel het, alhoewel die ma eers 'n hele paar jaar later verdwyn.

Die pa

Hy was nooit op universiteit nie, maar het vroeg leer lees en vroeg verleer om met mense te praat. Hy is lief vir boeke en musiek, (luister na, onder andere, Wagner en Beethoven); is bekend met digters soos Opperman en WEG Louw en een van sy kosbaarste besittings is 'n afdruk van 'n Pierneef-skildery. Hy kan met gesag praat oor die letterkunde, mitologie en kan selfs vir Smit leer van insekte.

Jan Landman noem sy seun liefderik Bulletjie. Hy vertel hom gedurig stories en leer hom van die sterre en die natuur. Hy dril by Siegfried in wat hy moet doen as hy iets sou oorkom. Hy teken inligting aan in sy swart boekie om sy seun te help in sy soektog na sy oom Bert Fischer. Maar in swak oomblikke wanneer hy te veel gedrink het, bieg hy teenoor Smit elke keer woordeliks dieselfde: 'Hierdie kind is besig om my op te vreet. Ek kan nie meer 'n ma wees nie; ek weet wat hy nodig het, en ek kan nie meer soveel gee nie. Hy vreet my op; daar is niks meer oor van my nie' (p. 187). Net voor sy dood het hy onbedaarlik aan die huil gegaan.

Die ma

Siegfried dink sy ma is 'n meermin. Hy onthou vaagweg van gelukkige tye toe sy ma hom gebad het en dat sy en haar broer Bert Fischer vrolik in die dam geswem het. Hy weet ook dat sy lang blonde hare gehad het, 'n wit gesig en baie rooi lippe. Sy was 'n provinsiale swemmer en sy en Jan Landman het mekaar op Hartenbos ontmoet. Wat van haar geword het lees ons nooit, maar op p. 240 onthou Siegfried dat sy ma hom een oggend gebad het en gesê het sy sal hom nie weer in die aand kan bad nie. Daarna het hy harde stemme gehoor en 'n vrou met 'n handsak en twee tasse sien wegstap na 'n blou motor.

Willem Smit

Die amateur-insektekundige en aspirant-skrywer. Siegfried noem hierdie bedremmelde, siniese, drankverslaafde, inseketende man Smet. Hy het definitief 'n beter lewe geken, maar loop met 'n diepgaande skuldgevoel rond en waarom hy van sy respektabele seun vervreem is, weet ons nie. Hy eien homself die naam Smetsmid toe oftewel die maker van smet! (Hy het êrens blykbaar vreeslik drooggemaak.)

Hy vind Siegfried oplaas in die fabriek en versorg hom byna jaloers en met liefde; neem hom selfs weer 'n keer of twee na Seepunt alhoewel hy self baie siek en ná aan sy einde is.

Skryfstyl

Woordgebruik

Ek is seker outyds, maar ek gril as liggaamsfunksies so eksplisiet en kru beskryf en op die naam genoem word soos 'kots' en 'pis' en 'stront'. Soms kan 'n kru woord miskien effektief wees, maar dit lyk asof die skrywer daardeur wil skok of 'n eerlikheid wil demonstreer. 'n Mens kan seker nie ongure karakters 'mooi' beskryf nie.

Uitbeelding van ander karakters

Sy uitbeelding van die boer en sy vrou wat hul ontferm oor Smit en Siegfried gee voor dat hulle agterlike mense is. Hy wissel morsig die beskrywing van hul daggarokende seun se aknee-probleem af met 'n beskrywing van hoe hy die vleis braai. Nêrens beskryf hy een mooi karakter nie. Soms is daar 'n skemering van deernis en goedheid, veral by die onskuldige Siegfried. So word, byvoorbeeld, die mense onder die brug en by die sirkus ook realisties en sonder simpatie beskryf.

Sinsbou

Anker skryf kort sinne en sonder lang beskrywings. Op pp. 79-80 en 81 gebruik hy na elke paragraaf 'n kort kernreël wat in die middel van die blad gedruk is - seker maar vir effek.

Vertelwyse

Dis baie interessant! Anker gebruik die derde persoon (die hy-vorm), maar op 'n heel besondere manier. Die leser kyk na 'n karakter, maar dan word net vertel wat daardie karakter sien, met ander woorde, so 'n dubbele fokus, waar na 'n karakter en terselfdertyd ook deur die oë van 'n karakter gekyk word. Die verhaal word dan in die karakter se stem vertel. So, byvoorbeeld, word Siegfried se naïewe manier van praat en sy verwarde gedagtegang weergegee deur byna geen punktuasie nie. Smit weer; beskou die wêreld kil en sinies en dit demonstreer die verskil in perspektief tussen die twee karakters van presies dieselfde situasie.

Nog 'n vertelperspektief word met David, Maggie se kêrel, gebruik. Hy lê in die woonstel en wag dat die oordosis pille hul verloop neem. Sy gedagtes en waarnemings is hoogs persoonlik en hy verwys na homself as 'jy' asof hy reeds verwyder is van homself. Hy beskou homself ook in die ideale posisie om die verhaal te vertel. Op p. 89: 'Waar jy is', is die perfekte plek om te vertel. Waar jy is, is net voor die eindpunt; die lewe lê agter jou, die toekoms is 'n paar

minute lank. Die fyndraai van die dood. Die toekoms 'n ewige niks, die verlede 'n paar flitse; geen hede.'

Name

Dis ironies dat hierdie vis/man se van Landman is. Sy oom wat hy met die see verbind se naam is Fischer. Fafnir is die sirkusbaas se naam, maar een van die reuse in een van Wagner se operas se naam is Fafner. So is die verhaal deurspek met verwysings na die mitologie-name, reuse, dwerge, meerminne.

Humor

Glo dit of nie, daar was soms klein flitsies van humor; byvoorbeeld op p. 112 by die restaurant saam met Maggie. Dan is die leier onder die brug, die priester-profeet Meester Johnnie, die stafdraende Moses, kaalvoet en poedelnaak onder sy bruin kamerjas, vir my 'n karikatuur.

Resensies

Resensente beskryf die boek as: "n komplekse werk, 'n besonder sterk en ambisieuse debuut; 'n vars en skrikwekkende nuwe stem in Afrikaans, lees die debuut as jy hare op jou tande wil kweek; met hierdie opwindende debuut slaan die Afrikaanse roman nuwe rigtings in; Willem Anker het interessante realistiese en verbeeldingryke webbe in die verhaal geskep waaruit 'n mens nie kan ontsnap nie, selfs al het jy die boek ure gelede al neergesit en beslis 'n roman om oor opgewonde te raak, en 'n ryke en geskakeerde werk.'

Ek kon eers net 'n resensie deur Desmon Painter op LitNet kry, maar daarvan het ek min verstaan. Ek kon net daaruit aflei dat hy soveel in hierdie boek raakgelees het dat ek soms wonder of Willem Anker dit alles daarin geskryf het. Gelukkig kon ek die handleiding bekom wat deur *Boeke-Insig* beskikbaar gestel is.

In die resensie van Painter (vyf A-4 velle daarvan) is ek gekonfronteer met woorde en begrippe soos: 'determinasie' en 'reterritorialisering', 'vuglyne', 'Nomades in 'n nomadiese boek wat lateraal oor 'n "gladde oppervlak" beweeg en dan verrassende transformasies ondergaan. Dit neem die vorm aan van 'n reeks dinamiese immanente koppelings tussen komponente. Eerder as dat die roman gekomponeer is met vaste elemente wat in 'n bepaalde orde opgestel en volgens 'n gegewe logika voltrek word, is dit 'n maaksel van voortdurende wording en variasie. Die roman ondergaan 'n reeks verplasings en soms katatoniese sametrekkinge op maniere wat nie noodwendig spreek van 'n oorkoepelende ontwerp of wat koherent afstuur op 'n narratiewe ontkenning nie.' Hy praat ook verder van die 'oedipale' gegewel (Oedipus het mos sy pa doodgemaak, onwetend met sy eie ma getrou en daarom sy eie oë uitge-steek. Daardie kloutjie kon ek nie by die oor kry nie!) Verder haal hy breedvoerig aan uit die boeke van Deleuze ('n filosoof) en Guattari ('n psigoanalise).

Omtrent die boom op die buiteblad sê hy: 'In die denke van Deleuze en Guattari staan boom teenoor risoom: die boom met sy vertakkinge, is die beeld van hiërargiese, modernistiese denke!' Nou vra ek julle, sou julle risome raakgesien het?

Op die Internet kry ek 'n brief geskryf deur ene Rudolf Stehle. Hy reken Painter se resensie is beslis nie 'n lesersvriendelike resensie nie, veral vir die nie-akademiese leser. Painter slaag nie daarin om die leser se aandag te hou nie, omdat dit eerstens te tegnies is en tweedens te lank. Die resensie is immers nie 'n analitiese opstel nie, maar 'n bekendstelling van die boek aan die leser.

Die verhaal van die omswerwing en uiteindelijke lot van Siegfried en Smit en die uitbeelding van die mens se verlorenheid en uitgewerdheid aan 'n wrede wêreld, is tog aangrypend.